

Skriflesing: ObadjaTeks: **Obadja 1:3-4, 21**Sing- **Ps. 118:1,10; Ps. 147:2; Ps. 68:13; Ps. 133:1,2****Obadja 1**

Oba 1:1 Die gesig van Obadja. So sê die Here HERE aangaande Edom: Ons het 'n tyding van die HERE gehoor, en 'n boodskapper is uitgestuur onder die nasies om te sê: Staan op, en laat ons klaarmaak om teen hom te veg!

Oba 1:2 Kyk, Ek het jou klein gemaak onder die nasies, jy is baie verag.

Oba 1:3 Die vermetelheid van jou hart het jou bedrieg, o jy wat woon in die rotsklowe, op hoë plekke bly, en in jou hart sê: Wie sal my op die aarde neerwerp?

Oba 1:4 Al woon jy so hoog soos die arend en al was jou nes tussen die sterre gestel—daarvandaan sal Ek jou neerwerp, spreek die HERE.

Oba 1:5 As daar diewe, as daar nagrowers na jou gekom het—hoe is jy vernietig! —sou hulle nie net soveel gesteel het as wat vir hulle genoeg was nie? As daar druiwesnyers na jou gekom het, sou hulle nie die na-oes laat oorbly het nie?

Oba 1:6 Hoe is Esau deursoek! Is sy verborge skatte deursnuffel!

Oba 1:7 Al jou bondgenote het jou tot by die grens gestuur; die manne met wie jy vriendskap gehou het, het jou bedrieg, jou oorweldig; hulle lê 'n strik onder jou as jou brood. Daar is geen verstand in hom nie!

Oba 1:8 Sal Ek nie in dié dag, spreek die HERE, die wyse manne uit Edom verdelg nie en die verstand uit die gebergte van Esau?

Oba 1:9 En jou helde sal verskrik wees, o Teman, sodat elkeen deur moord uit die gebergte van Esau uitgeroei sal word.

Oba 1:10 Weens die geweld teen jou broer Jakob gepleeg, sal skande jou bedek, en jy sal uitgeroei word vir ewig.

Oba 1:11 Die dag toe jy daarby gestaan het, die dag toe vreemdes sy rykdom weggevoer en uitlanders deur sy poorte gedring en die lot oor Jerusalem gewerp het—toe was jy ook soos een van hulle!

Oba 1:12 En tog moes jy nie met genot die dag van jou broer aanskou het nie, die dag van sy onheil, en jou nie verheug het oor die kinders van Juda op die dag van hulle ondergang nie en nie gespog het op die dag van benoudheid nie!

Oba 1:13 Tog moes jy nie in die poort van my volk gekom het op die dag van hulle nood nie, moes jy ook nie met genot aanskou het sy onheil op die dag van sy nood nie en nie die hand uitgesteek het na sy rykdom op die dag van sy nood nie!

Oba 1:14 En jy moes nie gestaan het op die kruispad om sy vlugteling uit te roei nie en nie sy vrygemaaktes uitgelewer het op die dag van benoudheid nie.

Oba 1:15 Want die dag van die HERE is naby oor al die nasies; soos jy gedoen het, sal aan jou gedoen word, jou daad sal op jou hoof neerkom.

Oba 1:16 Want net soos julle gedrink het op my heilige berg, sal al die nasies gedurig deur drink, ja, hulle sal drink en swelg en word asof hulle nooit bestaan het nie.

Oba 1:17 Maar op die berg Sion sal daar ontkoming wees, en dit sal 'n heiligdom wees; en die huis van Jakob sal sy besittings in besit neem.

Oba 1:18 Dan sal die huis van Jakob 'n vuur wees en die huis van Josef 'n vlam, maar die huis van Esau 'n stoppel; en dié sal hulle aan die brand steek en hulle verteer, sodat daar geen oorblyfsel vir die huis van Esau sal wees nie, want die HERE het dit gespreek.

Oba 1:19 Dan sal dié van die Suidland die gebergte van Esau, en dié van die Laeveld die land van die Filistyne in besit neem; en hulle sal die veld van Efraim en die veld van Samaría, en Benjamin Gilead in besit neem.

Oba 1:20 Die ballinge van hierdie leërmag van die kinders van Israel sal die wat Kanaäniete is, tot by Sarfat verower; en die ballinge van Jerusalem, wat in Sefárad is, sal die stede van die Suidland in besit neem.

Oba 1:21 Dan sal daar verlossers die berg Sion opgaan om die gebergte van Esau te oordeel, en die koninkryk sal aan die HERE toebehoort.

Skriflesing: ObadjaTeks: **Obadja 1:3-4, 21**Sing- **Ps. 118:1,10; Ps. 147:2; Ps. 68:13; Ps. 133:1,2**

Toe ons die profesie van Joël so twee weke gelede na vore gebring het, broeder en suster, toe het ons reeds gesê dat soos wat die Hosea en Amos saamgelees kan word, so moet Joël en Obadja in verband gebring word. Joël wat ons die profeet van Pinkster kon noem, hy wat die uitstorting van die Heilige Gees tussen al die profete so treffend kon aankondig. Nog 'n kenmerk van Joël was die swarms en swarms sprinkane wat daar na vore kom. Hoe sprinkane alles kan vreet, dit maak 'n land leeg, terwyl die Heilige Gees waarvan Joël die profeet is die Een is waarmee ons werklik vervul kan word. Die Heilige Gees maak lewens vol maar dan moet ons lewens met die Woord van God vervul wees.

Wanneer ons na deurlopende temas uit hierdie profesieë luister dan sal ons by almal tot dusvêr hoor hoe God die hart van die mens wil aanraak. In alles moet ons harte op diens aan die Here gerig wees. As God sy volk na Hom terugroep, dan moet hulle hul harte ook as volk op die Here rig. Die volk wat in daardie tyd as kerk eintlik maar dieselfde was. Dan kom God naby die mens, die mens kan dan in die volle teenwoordigheid van God kom. God se teenwoordigheid is in alles 'n werklikheid. Dit alles voor die ballingskap, ná die ballingskap dan sal baie van hierdie groot verwagtinge steeds dieselfde wees.

Dit van die drie profete tot nou toe nagegaan gelyktydig gespreek, vandag staan ons by Obadja wel in aansluiting by Joël in die sin dat hulle beide sterk daarop klem lê dat die dag van die Here as 'n ingrypende daad in menselewens gaan inkom. Dan gaan God sy toorn uitgiet, God gaan straf. Dit het Joël en Obadja met mekaar in gemeen, beide tree op in die suidelike ryk, die twee-stammeryk, om Juda in die oog te hou.

By Obadja het ons egter die mees ingrypende verskil dat God in belang van Juda teen Edom profeteer. Edom, die Edomiete watter hartseer staan hier nog altyd geskrywe as uitvloeiende wat daar in die huis van Isak gebeur het. Jakob en Esau, die tweelingbroers, maar Esau en sy nageslag laat heeltyd 'n wrang smaak en wanklank agter. Moet nie 'n fout maak om te dink die nageslag van Esau was sonder 'n mooi toekoms in die vergetelheid gelaat nie. In Obadja het alles met die Edomiete, met die nageslag van Esau te make. Tog wanneer Obadja die groot toekoms wil binnetree, daar word spesifiek oor Edom geprofeteer dan laat ons die drie gedagtes tot ons spreek- 1. Hoe hoog was Edom uitgelig. 2. Hulle diepe vernedering. En dan in die laaste plek – wat sê die Woord deur dit alles heen vir ons hier vandag.

Hoe hoog was Edom uitgelig:

Die nageslag van Esau was manne wat hulleself hoog en vindingryk in van die sterkste van posisies kon inwerk. Hulle was mense wat in die berglande kon bly. Hulle hoofstad het dan ook die rotsnaam gedra van Sela of Petra. Om by hierdie hoofstad uit te kom moes daar langs nou stegies en tussen ontoeganklike bergspitse deurbeweeg word. In alle geval strategies was hierdie stad van die veiligste wat jy jou kon indink as daar oorlog sou kom. 'n Gebied vol rotsklowe en grotte waarbinne die Edomiete baie goed verskans was. As Obadja oor hierdie gebied praat dan noem hy ook hoe uitgelig in die hoogtes hulle almal was. Vv. 3 en 4 verwys twee maal hierna... *o jy wat woon in die rotsklowe, op hoë plekke bly* en ook vers 4- *4 Al woon jy so hoog soos die arend en al was jou nes tussen die sterre gestel—*

Edom was baie selfversekerd dat niks en niemand kan kom waar hulle hulself kon verskans nie. In so 'n tyd begin Obadja dan oor hulle te profeteer. Weer soos met Joël is dit 'n geval van ons weet nie wie Obadja regtig was nie. Daar word oor sy persoon niks gesê nie. Die naam Obadja wat beteken kneg van die Here, dit is al wat ons eintlik oor hom kan sê. Dit is asof hy hierdeur sê van myself hoef julle niks meer te weet nie, behalwe dat ek wil wees 'n kneg van die Here, 'n dienaar van God. Ook die presiese tyd waarin hy profeteer word nie genoem nie. Hy val met die deur in die huis deur Juda se broervolk, Edom dadelik die volle profesie in te bring. Daar gaan 'n dag kom wat Edom sal besef dit wat hier staan het nou aangebreek.

Ja, soos met Joël ook die geval was, word baie klem geplaas op die dag van die Here, op die dag wat Edom dink ons huis is tussen die sterre, maar soos wat 'n ster kan verskiet en dadelik wegsmelt so sou met Edom ook die geval wees.

Daarom dat die verhoging wat Edom hulleself mee wou verhoog mooi nagegaan moet word. Ons kan dit maar al terugvoer na daar waar dit alles begin het. Esau wat in die verbondshuis van Isak gebore word, maar hierdie geestelike voorregte, word gou in sy lewe in die stof getrap. Hy verkoop sy eersgeboortereg. Sy eersgeboorteseen wat is dit nou. Dit bring my mos eintlik nêrens! Hy het baie min erg aan wat vir Abraham en vir Isak kosbare geestelike voorregte en seëninge beteken het. Ag, my pa, my oupa wat het hulle nou eintlik deur so aan hulle geloof en aan die beloftes van die Here vas te hou. Die wêreld bied baie meer as wat in hierdie bekrompe tent van my ouers en voorouers aangaan.

Hy sou daarop uit wees om nie geken te word as kind van 'n gelowige nie, wat is tog die ware betekenis van wat groot sake vir sy ouers en hulle ouers was. So kom ons baie gou agter dat hy met sy tweelingbroer drasties verskil. Ontbondel homself deur geen erg aan die verbond, aan sy opvoeding aan enige tradisies en gebruike wat vir ander in daardie huis belangrik sou wees, te toon nie. Jakob is eintlik maar 'n ou sussie wat te veel in die huis wil wees, werk op die akkers, maar is aan ma se rokspant gebind, maar Esau wil veld toe, wil gaan jag, dit was asof hy net nie genoeg kon kry deur vêr weg te dwaal nie.

Dink maar hoe belangrik dit vir Abraham was dat Isak met 'n gelowige vrou moet trou. Eliëser word gestuur om daar waar Abraham glo die regte vrou in die gebiede van sy ouers gevind kan word, daar moet vir Isak 'n vrou gehaal word. Abraham wil glo dat die Here hierdie sending, 'n verbondsending sal maak, 'n sending met die huwelik in die oog. In my seun moet die verbond sy beslag, sy voller betekenis en sy verdere verloop kan kry. Daarom dat jy besny moes word. Daarom het God ons getoets toe ons Moria moes uit.

Abraham glo die huwelik en die gesin en ons kinders wat hulle lewe en opvoeding en ons kinders se toekoms raak, kan nie los van wat God sê, gesien word nie. In alles moet God die Vader wees, ook van my kinders. As daar rebellie is, as my kind die beloftes van die Here minag, daar word openlik gewys dat aan die geestelike welstand en welwese word 'n weerstand in opgebou, dan is pa en ma op hulle knieë. Hoekom Here, hoekom my kind, wat doen ons verkeerd dat ons kind so verkeerd in sin en strewe geraak het.

Kyk wat het Esau eenvoudig net anders begin doen, in met wat sy opvoeding sou verskil. In een van sy vêr togte loop hy die wêreld van die Horiëte binne, daar was 'n ou vors met die naam Ana, maar gou word hierdie familie nie gemeet in wat my ouers sou dink in hierdie mense se lewe aan die gang is nie, nee hy vat een van die dogters daar, Oholibama as vrou sonder om pa of ma enigsins hierin te ken. Dit is eintlik vanselfsprekend Isak sou met hierdie huwelik groot besware kon aanteken, wat alles weer sou neerkom dat wie met die huwelik gevaarlike speletjies wil speel is besig om die verbond uitmekaar te torring. 'n Getorringde verbond kan nie 'n heelmakke huwelik en gesinslewe wil verwag nie. Esau gee nie om wie my vrou se god is nie, dit skeel hom baie min oor wat sy ouers van haar en haar familie en ons huwelik dink. Hy was van die soort wat sê dat pa en ma het in alle geval geen seggenskap meer oor my nie. So is hulle getroud, dit is nou maar so sou hulle wou sê.

Daar kom 'n gestadigde maar versekerde hoogmoed en oordrewe selfvertroue en 'n totaal misplaaste gerustheid hierdie Esau-beeld ingebou. Wanneer dit kom by sy nageslagte, want hulle is wel met kinders geseën, so ook weer hulle kinders. Dit word dan eintlik net erger dat wat pa niks meer voor omgee het nie, die kinders gee nog minder om wat daar onder in die kerklike wêreld van Jakob en sy nageslagte aangaan. Daar waar Jakob en sy nageslagte is, ja nou is dit al stamme, wat die stamme van Juda aanbetref, het dit vir Obadja in sy profetiese woord daarvoor gegaan, dat die nageslag van Esau het meer kwaad bedoel as net deur op Juda neer te sien.

Hulle het Juda lankal nie meer as 'n broervolk, ja as my broer en my suster beskou nie. Edom het in hulle eie oë net te groot begin word, ja as dit met Juda swaar gaan dan was Edom op sy gelukkigste. Hoe lekker het hulle gekry as Juda klippe kou, dit gaan swaar dan het Edom gevoel dit pas ons, ons kan eintlik net onself nog meer op die skouer klop hier waar ons tussen die sterre bly. So op die rand van die afgronde waar Juda dit sou waag om van Edom hulp te vra dan sou hulle niks daarvan dink om hulle broers en susters, die verdere diepste afgronde in te stamp nie. Dit het hulle dikwels gedoen.

Dit het vir die kinders van Esau al hoe makliker geword om die lewe van die kerk van daardie tyd al swaarder en swaarder te maak. Soos vandag nog dan kry ons mos die tipe mens vir wie dit eintlik 'n uitdaging is, 'n tipe van vermetele voorreg dat as ek die kerk kan slegmaak, ek kan die sware stryd van die kerk net nog bietjie meer vererger, dan voel hulle dat hulle slaag, hulle uiteindelijke doel dat my soet lê in die bitter van die kerk.

So kom dit dat Obadja in wat die Here hom laat sê, dan begin hy sonder aansien van persoon, sonder enige verrekening van hoe sterk en hou selfversekerd Edom teen hierdie tyd ook al mag wees, hulle gaan hulle nessies tussen die sterre verloor. Dit lei ons tweede gedagte in-

Die Edomiete se diepe vernedering:

... o jy wat woon in die rotsklowe, op hoë plekke bly, en in jou hart sê: Wie sal my op die aarde neerwerp? 4 Al woon jy so hoog soos die arend en al was jou nes tussen die sterre gestel—daarvandaan sal Ek jou neerwerp, spreek die HERE. God het besluit tot hier toe en nie vêrder nie. Daar gaan 'n stelselmatige vernietiging van Edom kom- jy wat dink jy is so goed- *die vermetelheid van jou hart het jou bedrieg...* staan ook hier.

Want broeder en suster, die mense wat gedink het hulle is so onaantasbaar, hulle met 'n valse gerustheid, daardie hoogmoed lei tot 'n val. God sal hulle uit hulle bergvesting kom haal. Hulle hoogmoed sal in vernedering verander. Mense kan nie maak wat hulle wil nie. God wys aan Edom waar hulle agter die klippe skuil, in die hoogtes, waar die arende vlieg en die sterre wemel, daar is God. God kan ook deur dooie stene sy lewende woord spreek.

Vanoggend besef ons ook die graf van Jesus Christus was ook 'n dooie klip wat die opening van daardie graf bedek het, so was die graf verseël, daar is geglo so dood soos wat die klip aan die opening van die graf is, so min sal Jesus weer kan lewe, sy lewe is nou so min soos wat die klip geen lewe het nie, maar die klip is weggerol. Christus die lewende Woord het dit Self weggerol. Van binne weggerol, van buite weggerol, maak nie saak nie, want Hy sou in alle geval soos wat Hy deur 'n gesluite deur kon beweeg sou Hy verby die harde klip van binne sy graf kon uitbeweeg en dit van buite wegrol. In alle geval sou Hy dit van binne ook kon wegrol, dit maak geen verskil nie, maar die verskil kom in hoe dooie stene die lewende Woord kan laat spreek.

Die lewende Woord van God het die dooie klippe en hoogtes van Edom deurgedring. Edom agter jou hoë rotse en verskansde stede, daar waar klip en hoogte julle volslae op julleself aangewese gemaak het, daar waar hulle gedink het, niks en niemand kan ons kwaad aandoen nie, ons kan maar op ons broervolk Juda trap, ons kan hulle maar verneder, ons kan leef asof hulle nie ons broers is nie. Ons is mos selfstandig, onafhanklik, ons is oortuig van ons independentisme, ons sou in verdere kerkreg taal hulle kon beskuldig van kongregasionalisme, alles groot woorde wat hoë uitdrukking wil gee, maar dit kom daarop neer, moet nie dink die verband met Juda wat langs julle is, kan maar op neergesien en daarop getrap word nie.

Juda is beslis nie sondeloos, vlekkeloos nie, nee alles behalwe, hulle sonde is baie. God stuur ook profeet na profeet om teen Juda te profeteer, maar Edom dit is tyd dat julle voor julle eie deure begin vee. Eintlik is dit te laat, al bly julle so hoog God gaan nie net voor julle deure vee nie, God gaan julle hele bestaan uitvee. Die dag gaan kom wat hierdie diepe vernedering stukkie vir stukkie gaan plaasvind-

Hoe hierdie vernietiging plaasgevind het, broeder en suster, is natuurlik belangrik om ook daarop te let. Hulle wat so voorberei was op aanvalle van buite, hulle voorraadskure was

volgepak, pakhuis na pakhuis sou hulle kos en wapens kon berg, maar hulle sou nooit voorberei kon wees van hoe God hulle sou tref nie. Die Here het verraaiers in hulle eie geledere laat binnekom. Hulle voorraadskure is stelselmatig geplunder. Kyk weer mooi na vers 7- ... *die manne met wie jy vriendskap gehou het, het jou bedrieg, jou oorweldig; hulle lê 'n strik onder jou as jou brood.* 'n Verraaier is soos 'n rysmier. Hy doen sy vernietigingswerk van binne af. Baie keer gebeur dit dat die kerk se grootste vyande is diegene wat binne die kerk hulle plekke vir 'n ander doel gebruik. Eers wanneer dit te laat is dan kom jy agter maar hierdie een wat altyd nog saam met ons was, is nooit deel van ons gewees nie.

Verraad kan nooit goedgepraat word nie, daar is geen manier om dit te regverdig nie. Dink maar ook hoe 'n verraaiers Judas Iskariot was, maar in Edom was dit die begin van hulle einde. Daar sou vir hulle geen beskerming meer oorbly nie. Wie presies hierdie verraaiers was word nie aangedui nie. Obadja maak wel baie duidelik hoe daar naderhand geen wyses meer oorgebly het nie. Hulle wat so lekker gekry het toe hulle broers onder die sweep van die veroweraars moes buig. Hulle lag toe daar eintlik baie hartseer hulle binneste moes indring. Toe Juda in die moeilikheid was, sou dit eintlik verwag kon word Edom moet ons wil help. Nee, hoe glimlaggend was hulle gesigte toe hulle broers onder die ander mense verguis en vergruis was.

Geliefdes dit bring ons by die laaste gedagte van hierdie besondere profesie in die reeks waarmee ons besig is.

Wat sê die Woord deur dit alles heen vir ons hier vandag:

Ons beseft die sonde van onbetrokkenheid. Hulle wat hulle broers in die uur van nood verloën het. Draai hulle rug op die mense wat waarlik hulp nodig gehad het. Hier moet ons die Heilige Gees in sy werking deur die Woord goed in berekening bring. Daar moet herstel plaasvind, maar hoe?! Baie duidelik sal ons raaksien dat God se geskiedenis met sy volk loop nooit dood in ondergang en vernietiging nie, maar in herstel.

Onthou dit gaan om God se Woord wat vervul sal word, die koninkryk wat aan God toebehoort is waaroor ons vanuit Obadja so opgewonde oor kan wees. Ons lees ook van die besondere werkinge van die Heilige Gees in vers 18 en 19. Ons lees van vlamme- *die huis van Jakob sal 'n vuur wees en die huis van Josef 'n vlam.* Edom sal soos stoppels hierdie vlamme inkom. Oor hulle hul broers uitlag en vergenoeg neerkyk op hulle lyding. Hulle dink

Juda is swak en sal net nog swakker word. Dit gee hulle 'n innerlike vergoeiliking. Ja, hier het ons ook die kerk in die Ou Testament. Dit is ander se oë swak, dit het nie baie krag nie, boonop verdeeld, maar deur die krag van God, deur die vlamme en die vuur van God word dinge anders na gekyk. Die vuur van die Ou Testament word voort gebrand in die vuur van die Heilige Gees.

Wanneer ons vandag na onself as moderne mense sal wil verwys, laat ons maar hardop wonder of ons dinge anders doen as die oue Edomiete. Beteken dit as mens sê jy is beskaaf dat daar werklik ontwikkeling plaasgevind het op die terreine wat God na ons kyk. Ons moet nie vergeet waarmee hierdie profesie maar 'n enkele hoofstuk lank, mee eindig nie. *Dan sal daar verlossers die berg Sion opgaan om die gebergte van Esau te oordeel en die koninkryk sal aan die HERE toebehoort.* As ons vandag op 'n besondere manier na die wêreld om ons kyk dan besef ons hier waar ons is, hier was baie mense voor ons. Eintlik staan alles in hierdie lewe op 'n verskriklike groot begraafplaas, waar dit nie net gaan om mense wat begrawe is nie, maar voorgeslagte se lewens lê in lae hier onder die grond. Die grondbodem bedek die geslagte soos wat tye verbygegaan het en die werke en lewens van hulle wat vóór ons was, lê laag op laag. Hoe groot 'n kasteel ook mag gebou wees, hoe veilig mense hulleself agter dikke mure en wat nog kon verskuil ons moet die taal van die verganklikheid kan praat. Die koninkryk van God is anders, alles wat aan God toebehoort is anders!

Edom was 'n streek, dit was mense, was 'n gebergte wat op geen wyse wou glo oor wie ons is, kan daar 'n einde wees nie. Dit is die fout van die lewe, want wie dit sê mis Wie die ware lewe is, Jesus Christus ons Here. Al was daar stad op stad, opgrawings wil beweer tot soveel as 30 stede was daar in daardie tyd, daar was geleerdes, daar was koopkrag, daar was mense met geweldige tegniese vaardighede om 'n plek uit te lê dat *jou nes tussen die sterre gestel word*, maar hoor weer die slotakkoord van hierdie profesie. Die koninkryk sal aan die Here toebehoort.

Ons as mense kan alles wil doen om vir onself koninkryke op te rig, maar die enigste Wie se koninkryk werklik ewig sal wees is die van God in Jesus Christus. Hoe wonderlik om dan met mekaar af te spreek, dit wat God se Woord deur Obadja was, dit wat God met ons in Christus spreek is dat sy Woord ewig is en die Woord wat tot in ewigheid sal bly is die Woord in Christus wat altyd dieselfde sal bly. Tussen die verlossers wat Obadja na verwys wat die berg Sion kon opgaan, ken ons die ware Verlosser, die enigste wat daar kon wees wat

verder gegaan het as net die opgaan van 'n berg. Hy het die kruis, die dood moes deurgaan, Hy wat dood was, Hy lewe. Hy maak vir ons 'n tuiste, nog baie hoër, baie ruimer as die sterre, dit is ewig... *In die huis van my Vader is daar baie woonplek...* Hy voeg by, as dit nie so was nie sou Ek dit vir julle gesê het.

AMEN